
# SESSIE 3. Klaagliedere vanuit ballingskap



'n Paar gedagtes uit die vorige week:


- **God is soewerein.** Alhoewel ons nie insig het in hoe die Here op 'n internasionale, globale en selfs kosmiese vlak in die lewens en skepping betrokke is nie, lei God ons om op konstruktiewe maniere nuwe tuistes te skep waarin mense kan floreer. Koning Josia se lewensverhaal laat 'n mens diep nadink oor onrealistiese geloof verwagtinge.
- **Lesse uit die verlede.** Vanuit die groter geskiedenis van die Ou Nabye Ooste is dit duidelik hoe sekere samelewings patrone keer op keer herhaal en mense herhaaldelik by dieselfde probleme uitbring. Kan ons daaruit leer om dié siklus in ons hede te breek?
- **Die samestelling van die Ou Testament.** Hoe die Ou Testament tot stand gekom het is kompleks. Tog, blyk dit duidelik hoe gebeure gelowiges geïnspireer het om telkens weer ou geskrifte onder oë te neem en die betekenis daarvan vir hulle eie tye te herinterpreteer. Binne die Bybel wetenskappe is daar verskeie teorieë oor hoe die Ou Testament tot stand gekom het (maksimaliste vs minimaliste).




In vandag se sessie kom ons by die rou emosies van die ballinge in Babel uit en die onverwagse manier waarop dit hulle by genesing, herstel en herlewing uitgebring het. Hartseer en verlies het die potensiaal om emosies in ons te ontlok wat net nog verdere skade kan bring. Die Bybelboek Klaagliedere leer ons hoe om daarmee om te gaan en begelei ons op 'n pad om te vind dat die Here weer lewe in droë bene kan bring (Esegiël 37).

**Die verlies van die Babiloniese ballingskap**

Die koninkryk van Juda se finale dae het aangebreek toe koning Sedekia weer, soos sy voorgangers, die fout gemaak het om in 'n koalisie met Egipte te probeer om van die heerskappy van die Babiloniërs los te kom (Jeremia 34:1-7). Toe die koalisie misluk en die nuus van die beplande opstand koning Nebukadneser II bereik, het hy dadelik self met sy weermag na Jerusalem vertrek om die stad te vernietig. Die inwoners van Jerusalem het in vrees en angs geleef soos wat hulle die Babiloniese weermag gehoor en sien naderkom het. Die verhale van die vernietiging van twee nabygeleë vesting stede in 587 vC, Lakis en Aseka in Jeremia 34:7 en die Lakis briewe maak hiervan melding.








Na die vernietig van Lakis en Asekah het die Babiloniese weermag na Jerusalem opgetrek en dit vir meer as 18 maande beleer waardeur in die inwoners van Jerusalem van hulle kosvoorraad afgesny is. Die gruwelike verhale van die uitbreek van siekte en hongersnood en kannibalisme word in die Bybel beskryf (lees Jeremia 19:9, Klaagliedere 4:10, Esegiël 5:10).

> Met hulle eie hande het moeders wat vroeër liefdevol was, hulle kinders gekook; dit het het hulle kos geword toe my volk ineengestort het - Klaagliedere 4:10.

> Vaders sal hulle eie kinders eet in jou (Jerusalem), en kinders sal hulle eie vaders. Ek gaan jou straf en al jou inwoners wat oorbly, in alle windrigtings verstrooi - Esegiël 5:10.

Toe die inwoners dit nie langer kon uithou nie, het die Babiloniërs die stad aangeval waarna koning Sedekia gevlug het. Hy is naby Jerigo ingehaal en gevangene geneem. Sy seuns is voor hom om die lewe gebring en sy oë uitgesteek is (Jeremia 52: 10-11). Die wreedheid van die Galdeërs (Babiloniërs) was algemeen bekend en dit is dan verstaanbaar dat Habakuk sukkel om te aanvaar dat hierdie nasie deel kan wees van God se raadsplan. Die Bybel boek Habakuk is op sig self sy eie klaaglied.

> Waarom doen U dan niks aan die trouelose mense nie, waarom bly U stil wanneer slegte mense dié vernietig wat beter is as hulle ?
> Habakuk 1:13

Die mees produktiewe deel van die bevolking wat gevangene geneem is moes te voet die 1200 km reis na Babel aanpak. Ongeveer 90 % van die bevolking is in haglike omstandighede sonder enige kos of leiers agtergelaat (Jeremia 52:16, 2 Konings 25:12, Klaagliedere 1:11, 19).

Met hulle aankoms in Babel is die ballinge in groepe na verskillende dele van die land uitgeplaas (waarskynlik in die suidelike deel van die land) (Esegiël 1:1, 3:15, Esra 2:59, Nehemia 7: 61). Dit is hier, langs die riviere/water kanale van Babel waar hulle uitdrukking gee aan die rou emosies wat die trauma van verlies gebring het. Hulle het nie net hulle land, kultuur, gesinne en families verloor nie, maar ook vir God. Die tempel, God se woning, is vernietig en die Sy stem het stil geraak.





Lees Psalm 44, 74, 79, 80, 85, 89, 102, 106, 123, 137 asook die boek Klaagliedere. Wat is jou ervaring wanneer jy hierdie tekste lees? Waarom sou hierdie gebede/liedere, wat mense se rou emosies verwoord, in die Bybel opgeneem wees? Die Ou Testament teoloog, Walter Brueggemann, het die volgende opmerking hieroor gemaak:


> *Such cathartic utterances are also an honest and courageous practice of prayer. They offer an opportunity for turning brutalizing loss into an act of faith that may in turn issue into positive energy. These speech practices give us a way to vent our rage at loss without letting it escalate into actions that will hurt our neighbours.*

Wanneer ons in lyding na God roep breek dit deur ons grootste verskille en krisisse. Dit bring ons skielik op plekke van dit wat wesenlik is te onderskei en daardeur nuwe tuistes te bou.

## 'n Reformasie van gelowiges se godsdienstigheid

'n Mens kry 'n nuwe perspektief op die impak van Klaagliedere op die verandering van hulle godsdiens wanneer jy in ag neem watter sentrale rol die tempel voor die ballingskap in gelowiges se godsdiens gespeel het. Die afwesigheid van die tempel en aanwesigheid van hulle klaagliedere het hulle as te ware gehelp om God en godsdiens opnuut te ontdek.





Solomon's Temple

- Die tempel in Jerusalem is beskou as God se woonplek. Slegs die hoë priester is toegelaat om een keer per jaar tydens die Groot Versoeningsdag in Allerheiligste te kom waar geglo is God se teenwoordigheid gerus het (Levitikus 16).
- Die altaar voor die tempel het 'n kern rol in godsdienstige mense se lewens gespeel. Dit het hulle in staat gestel om met God kontak te maak en vergifnis van hulle sonde te ontvang. Dit is bewerkstellig deur priesters wat aan God offers gebring het. Daarsonder was kontak met God onmoontlik.
- Kan jy dus indink watter geweldige implikasie die vernietiging van die tempel in 586 vC op gelowiges se lewens gehad het?

Dit is hier waar die Klaagliedere 'n radikale nuwe dimensie in hulle godsdiens gebring het as gelowiges hulle hartseer, seerkry, vrese en sonde voor God kon uitsing/praat/bid.

Dit was in hierdie afwesigheid dat die profesieë van Esegiël, Jeremia en Jesaja 40-66 gelees moet word en waarin die volgende elemente skielik geboorte gee aan Judaïsme:

1. Die fokus op die **Wet van Moses** (Pentateug/eerste vyf boeke van die Bybel waarin 613 bepalings, bekend as die Wet van Moses, opgeteken was.
2. Die fokus op die **besnydenis** as teken van God se verbond met gelowiges (Jeremia 9:25-26).
3. Die fokus op die viering van die **Sabbat** (Jeremia 17:19-27, Esegiël 20:12, 20, 23 asook 22:8)
4. **Gebed**.